

Skriflesing: Maleagi 2:17-3:6; 4:1-6

Teks: **Lukas 1:66**

Sing- Ps. 118:13; Ps. 128:4; Sb.2:4 (4-2:4); Ps. 89:18

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- waar ons vanoggend reeds gehoor het dat die engele het gesing om aan God die eer te gee, dit gaan om die Verlosser van God, ons Here Jesus Christus. Die groot aankondiging was- ja 'n *goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus die Here is.* Die engel sê dit, daarna sing duisende en duisende engele dat God geëer moet word. Christus is gebore om God te eer.

In die eer van God lê twee dinge opgesluit. Die vrede van God en die uitverkiesing van God. As God sy eer kry dan kan die tweede deel van die engele-lied duidelik gehoor word- *vrede op aarde.* Ja, God se eer het ook met mense te doen, *in die mense 'n welbehae.* God het 'n welbehae in wie Hy uitverkies het. In die doop lê ook twee dinge opgesluit. Die vrede van God en die verbond van God. Elke keer kom die vrede van God weer na vore. Die mens wil in God se vrede opgeneem word, daarom het ons hierdie kindjie gedoop om haar in die belofte van God op te neem, om haar in die verbond van God te laat deel. God belowe haar sy vrede, ja sy vredesverbond. Die doop moet God eer.

Die vrede van God en die welbehae van God het nie met die engele-lied begin nie. Ons gaan een hoofstuk terug, Lukas 1 gaan terug na die geboorte van 'n gewone kindjie kort (moontlik 6 maande) vóór die geboorte van dié Kind van God. Johannes 'n gewone mens soos ons, 'n gewone mens soos die kindjie wat so pas gedoop is, Johannes is gebore in die bergstreek van Juda. 'n bergkind gebore 'n woestynmens sou hy moes word...

As daar 'n kindjie gebore word, soos Johannes dan is dit op sigself eintlik nie 'n ongewone verskynsel nie. Tog kan ons aanvaar Johannes se geboorte was eintlik ongewoon. Die ouers van Johannes was al baie oud en die swangerskap van Elisabet het Sagaria, Johannes se pa se lippe gesluit. Solank soos wat die swangerskap was, so lank het Sagaria nie 'n woord kon sê nie. Eintlik was sy stomheid nog langer as wat haar dratyd was, ja sy stomheid is gegee vanweë die feit dat hy nie geglo het, toe hy moes glo nie. Die mens wat homself voor God stom laat, dit terwyl hy eintlik 'n priester is. Hierdie Godsmans Sagaria, in sy priesterdiens was met die priesterfamilie verbind gewees. Sy vrou dra in alle opsigte die priesterlike geslag, sy was *uit die dogters van Aäron.*

Meer priesterlik sou mens nie kon kry as hulle twee, Sagaria en Elisabet nie, tog het die geboorte van hulle twee se kind, mense allerhande vrae laat vra. Mense is deur die geboorte van Johannes aangegryp net soos wat ons aangegryp moet wees met die geboorte van die babatjie wat ons vandag kon doop. Die mense wat moeilik sou verstaan nou hoekom kry Sagaria nie gepraat nie, waarom die ongewone stilte terwyl niemand kan stilbly nie.

En dan kom die dag wat die babatjie daar voor hulle almal vasgehou kon word. Gedagtig aan die feit dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het, kan ons in ons terme sê dat op die dag van Johannes se doop trek God die gordyne voor die mond van Sagaria weg. Die mense wil die babatjie sy familienaam gee, Sagaria, die kind moet sy pa eer, die ma keer want die pa kan nie praat nie. En dan praat God. God is 'n God wat in sy prate ook skrywe. Sagaria skryf die doopnaam neer- Ἰωάννης ἐστὶν ὄνομα αὐτοῦ. Johannes is sy naam. En dan raak sy tong los, sy lippe beweeg. Sagaria trek los met 'n lofsang wat alleen maar net doen wat ons vanoggend reeds die engele hoor doen het- Om God te eer...

Hierdie gewone kindjie het ongewone dinge laat gebeur. Hierdie gewone kindjie was die inleiding op baie ongewone dinge, hierdie kindjie Johannes was die afdruk op wat Maleagi so 'n besondere boek in God se Woord maak. Hierdie kindjie Johannes was die inleiding op die grootste en belangrikste geboorte wat daar nog ooit in hierdie wêreld plaasgevind het, die geboorte van Jesus Christus. Die twee geboortes, Johannes se geboorte en Jesus se geboorte wat so direk met mekaar verband het, maak dat nie een van hulle twee se geboortes maar as gewoon gesien kan word nie. Al het mense sulke gewone vrae wou vra, vrae wat ons by die doop ook vandag kon vra- *Wat sal tog van hierdie kindjie word?*

Menigte ouer stel hierdie vraag ten opsigte van sy eie kind. Die vraag kan opkom uit blye hoop of bange sorg. By Johannes kom die vraag uit die verwondering oor al die buitengewone dinge by hierdie geboorte. Dit is 'n vraag vervul met ontsag. Met hierdie kind het hulle geweet is iets besonders aan die gang. Hierdie kind wie se ma hom in die bergstreke verwag het, noudat hy gebore is en besny is, kan sy pa begin praat. Sagaria praat baie dinge, duidelike dinge, lieflike dinge. Hy sing 'n lied. Hy praat dit waarmee die Ou Testament mee afsluit. Sagaria maak dit duidelik dat Johannes sal 'n profeet wees. Luk. 1:76- **76** *En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van die Here uitgaan om sy weë reg te maak.*

Toe ons Maleagi gelees het, het ons duidelik dinge kon hoor waaroor Sagaria nie sal swyg nie. Hy wat so lank moes swyg sal nou alles sê! Aan die einde van die Ou Testament kry ons die boek Maleagi. Maleagi wat worstel met dinge wat die lewe moeilik maak. Hierdie profeet praat met mense in hulle verwagtinge diep teleurgesteld. Dit wil vir die mense lyk of God toelaat dat daar groot onreg plaasvind. Is die Here nie dalk moeg om na hulle te moet luister nie?! In Sagaria 8:3-4 het die Here dan sulke mooi dinge belowe- *Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaare: Die heilige berg.*⁴ *So sê die HERE van die leërskaare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit—elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae.*⁵ *En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel.*

Dit wat die profeet Sagaria profeteer, hoe die Here gaan werk, nie deur krag of deur geweld nie, maar deur sy Gees, alles klink goed, maar Maleagi staan voor 'n volk wat wonder wat gaan van ons word? Wat gaan van ons kindertjies word, waar die een profeet nog sê seuntjies en dogtertjies speel op die pleine, nou kla die volk, hulle raak eintlik sinies. Wanneer mense sinies begin raak, daar is geen geloof meer in die goeie nie, opregtheid ontbreek, 'n skaamtelose ongevoeligheid, ja dit is gevaarlik as 'n mens eers sinies geraak het... Hulle vra dit openlik... *waar is die God van die reg?* Dit is eintlik 'n vermetele vraag, want geliefdes het Maleagi gewys op hoe min reg daar in Israel bestaan. Vanaf hfst. 1:6-2:9 het Maleagi gewys op die sonde van die priesters. Hoe kan sulke mense met God oor reg en verkeerd wil praat as hulleself so verkeerd van hart en sinne is...Hulle wat eintlik die minste van almal mag vra- *waar is die God van die reg?*

Maar broeder en suster, Maleagi bring wel God se reg met 'n baie verrassende wending. Dit gebeur deur wat in hfst. 3 skielik gesê word. Daar gaan 'n boodskapper kom, hierdie boodskapper gaan die grondwerk van God se Koninkryk sy eie maak. Die paaie in Israel was maar smal en lelik, daarom moet die paaie vir Hom wat kom, oopgemaak en reggemaak word. Alles wat in die pad lê moet weggevat word. Die boodskapper doen dit, want as die pad gebaan is, die pad is oopgemaak dan gaan God op hierdie pad na sy tempel kom. God se koms gaan skielik wees. Die God na wie julle soek, die God wat Israel sê Hy het ons nie meer lief nie. Mal.3:1 maak dit so duidelik- *dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie*

julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaar.

En nou weet ons, al staan die boodskapper, die padmaker sonder naam in Mal 3 maar in Mal 4 lees ons sy naam. Vers 5- **5** *Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.* Sy naam is Elia, hierdie padmaker word met die profeet Elia geïdentifiseer, maar dit gaan waarlik om baie meer as net die feit dat daar in die OT 'n besondere profeet met die naam Elia was. Hierdie Elia is waarlik die een wat ons ken as die babatjie waarvan die pa gesê het *Johannes is sy naam.* Hierdie Elia is dieselfde waarvan mense toe gesê het- *Wat sal tog van hierdie kindjie word?*

Die kindjie sal 'n profeet word. Sagaria het dit self getuig. Wanneer Maleagi en Sagaria met een stem begin praat, dan hoor ons tussen wat Sagaria sing en wat Maleagi geprofeteer het kom die een ooreenkoms na die ander. Alles gaan oor wat gaan hierdie nuwe mens doen, hierdie nuwe Elia, die Johannes wat nou gebore is. Wat gaan hy doen, dit is die een vraag. Wat gaan van hom word, dit is die volgende vraag? Vir baie lank het Israel geen profeet gehad nie. Tussen Maleagi en die eerste woord in die Nuwe Testament lê daar meer as 400 jaar. Dit is 'n lang tyd! Maleagi eindig met daar gaan 'n profeet kom. Ja, Maleagi het hierdie profeet se koms gesien as 'n koms wat verband hou met 'n groot en vreeslike dag wat gaan kom. Mal 4:5- **5** *Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.* Maleagi praat van 'n dag wat sal brand. **6** *En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.*

Aangrypend dit wat Maleagi sê en wat Sagaria nou oor dieselfde kind sê word een saak, dit is baie duidelik Johannes se koms is Maleagi se Elia. Hierdie Elia moet optree, hy moet drasties optree want dit wat hy doen, moet die weg oopmaak voor dit te laat is. Voor die dag brand, voor die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek dan moet daar paaie voor die Here reggemaak wees, dan moet die voorloper, die wegbereider klaar die bos oopgekap het. As God na sy tempel kom, moet daar vir hom 'n pad gereed wees, 'n geestelike pad deur Johannes voorberei.

Johannes het hierdie geweldige opdrag, maar broeder en suster, Johannes se groot opdrag gaan gepaard met 'n geweldige belofte. Die Here na Wie julle soek, die Engel van die Verbond, die een na wie Elia en sy mense gesmag het, Hy kom, Hy kom met sy verbond. Wie dit hoor, wie dit verstaan, soos Johannes dit hoor en verstaan het vaste grond om op te staan. Al maak hy 'n nuwe pad, die grond waarop die pad loop, is nie nuut nie. Dit is verbondsgrond. Johannes het God se verbond aan sy kant, soos elke gedoopte kind van God die verbond van God aan sy/haar kant het. Ja, hy het meer as net die verbond aan sy kant, Hy het die Engel van die verbond aan sy kant m.a.w. Jesus Christus is die Een aan die kant van Johannes.

Daarom het Johannes se pa, Sagaria het gesê dat *hierdie kind sal kennis van saligheid aan sy volk gee in die vergifnis van hulle sondes* (Luk. 1:77). Kyk die groot verskil, hy is maar 'n gewone mens, hyself sal nie die saligheid kan gee nie, hy sal nie sondes kan vergewe nie, daar is net Een wat dit kan doen, net een Engel van die verbond, maar let wel Johannes sal oor Hom kennis gee. Dit is wat 'n profeet moet doen, hy moet kennis gee, kennis van saligheid aan mense wat nie geweet het nie. Mense wat gedink het hulle moet 'n aardse verlosser kry, een wat die Romeinse juk van ons kan afgooi, dit is ons saligheid, of ander het weer gedink my saligheid lê in wetsvervulling. Vir almal wat so verkeerd dink, vir hulle moes Johannes gee, kennis van saligheid, ja die mens se saligheid lê nie in die politiek of in die Wet nie, maar in die besef my sondes moet vergewe word.

En nou kom ons by die kern van wat Johannes elke dag mee besig was. Om al hierdie belangrike dinge te kon doen wat Maleagi reeds oor hom geprofeteer het, het Johannes eintlik net een ding moes doen. Hy moes mense oproep tot bekering. Bekering, bekering, bekering. Nie omdat daar 'n mooi lekker, lieflike stil dag gaan kom nie, nee daar gaan 'n vreeslike dag kom, die dag wat brand, die dag van oordeel en gerig, die dag van vuur en dan moet jy bekeer wees. Wie sal hierdie dag kan verdra? Wie kan standhou as Hy verskyn?

Ja, Johannes se boodskap was eintlik net twee dinge, die dag van heil het gekom, want Jesus is op pad, maar dieselfde Johannes verbind die dag van heil ook aan die dag van oordeel. Heil en gerig is by God een saak. Johannes moet dit as één saak verkondig. Daarom moet daar bekering wees. As Johannes mense doop en hy het hulle vir dae daar in die Jordaan gedoopt. Daarom word hy ook genoem, Johannes *die Doper*. Aan elke druppel water waarmee Johannes baie mense sou doop, aan elke druppel was net hierdie twee dinge verbind

gewees- God se heil en God se gerig, God se verlossing en God se oordeel. Daarom het hy keer op keer gesê- bekeer julle, daar moet bekering wees, want daar is 'n byl wat al teen die wortel van die bome lê. Julle het nog tyd om julle te bekeer.

Die byl is al daar, die byl gaan later kap. Broeder en suster, hierdie kindjie van wie ons vandag haar doopdag beleef, haar doop moet ons dankbaar maak, ons moet verlang na wat Johannes so oor moes preek. Bekering. Elke een van ons, elke dag, kan ons dieselfde van God vra, bekeer my dat ek bekeer kan wees.

Die kerk van ons tyd moet ophou om te wil transformeer en te wil vernuwe en allerhande strategieë te wil bedink, asof ons heil in 'n omkeerstrategie gaan lê. Née, vir so 'n kerk word dit laat, die dag sal brand en as die kerk in haar lidmate nie bekeerd is nie, gaan hulle net soos die dag brand. Maleagi praat van die groot en vreeslike dag wat gaan aanbreek. Mense dink die kerk moet anders wees as 100, soveel te meer 500 jaar terug. Ons leef darem in nuwe tye, ons het ander probleme. Daarom word daar al meer geskryf en gewerk oor die kerk se missie en visie, ja die missionêre kerk moet al meer missionaal gerig wees, seker afgelei van dat die kerk 'n missie moet hê... dit is alles goed en wel, maar geliefdes, as die kerk nie gaan terugkom na Johannes die Doper, hierdie Elia se kernboodskap nie, dan wag daar op ons 'n vreeslike dag. Na alles wat Johannes doen en hoe hy doop en wat hy sê, alles en alles was net op bekering gerig gewees. Nie 'n visie of 'n missie nie, maar bekering, bekering! Ons is sondaars wat ons moet bekeer. Dit moet ons as kerk elke dag vir onself sê. Dan het ons net een visie en een missie nl. bekering vandag en ook weer môre. Dit bid ons vir onself toe, dit hoop ons vir mekaar toe, dan is ons waarlik kerk. Ja, ook vir haar nou vandag in God se kerk gedoop, in God se kerk ingelyf.

Die vraag wat die mense oor Johannes gevra het, dit bly 'n moeilike vraag. *Wat sal tog van hierdie kindjie word?* Hy wat so op bekering gehamer het. Ons het kon hoor wat doen hy. Hy sê dat ons die vrug moet dra wat by die bekering pas... Nou, wat het van hom geword? Weereens staan hier twee sake. Ons het 'n historiese antwoord en 'n profetiese antwoord. Histories was hy 'n prediker, 'n profeet geklee met 'n kleed van kameelhare, 'n leergordel om sy heupe, net soos Elia. Die volk het hom herken. Hy is vir niemand bang nie. Elia was ook nie bang nie, nie eers vir Agab en sy vrou nie. Dei dag het gekom dat Johannes vir die heerser van sy tyd Herodes bestraf het oor sy ontug. Die saambly met sy broer se vrou. Johannes kom na Herodes in die Naam van die Koning van die geregtigheid. Hy klop aan die

deur van die paleis van ontug. Die gevolg die koning sluit Johannes toe. Gooi hom in die tronk. Wat het van hom geword? Johannes wat sou vra wat gaan van my word? Hy hoor al die wonderdade wat Jesus doen. Hy Johannes het dit alles vooruit gesê, hy het die pad hiervoor moes oopmaak, kreupeles loop weer, blindes sien, melaatses word gereinig en ek, ek moet in die tronk bly sit. Vir my is daar nie bevryding nie. Jesus het dan gesê- *Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie...* hy twyfel selfs- stuur twee van sy dispels na Jesus- *Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?* (Luk. 7:20).

Ja, ons sou nog so baie kon sê, ons moet afsluit, die einde van Johannes was sy begin. Jesus moet meer word en ek minder. Die einde van Johannes op aarde, sy kop op 'n skottel, deur vrouemonde verraai, ma en dogter, deur vrouehande na mekaar aangegee. Vroue, en ja kinders wat na Maleagi, na Johannes, na Jesus nie geluister het nie. Maleagi praat van die pa se hart wat na sy kind terugkeer, die kind se hart terug na die pa, maar hierdie ma en dogter het donker harte. Die ma begeer Johannes se dood, die dogter bewerk die dood. Die dood van Johannes was van die grootste skokke wat Jesus op aarde na sy mens-wees moes vat...

Wat het tog van hierdie kindjie geword? Ons en ons kinders, ja in besonder sy ingesluit wat vandag die doop kon ontvang, die dood van Johannes was ook die voorloop tot die dood van Jesus. In alles was Johannes Jesus se voorloper! As ma en pa vandag hulle kind doop, hulle vra dalk dieselfde vraag- *Wat sal van hierdie kindjie word?* Maak seker ons vra die vraag nie uit bange sorg nie, maar vanuit blye hoop. Ons kan in moeilike tye hoopvol lewe, want die verbond is God se versekering dat die gerig van God sal die kinders van die verbond nie verteer nie. Ons lewe in die besef dat in die Koninkryk van God kom daar baie opoffering. Dit kan my lewe eis, maar die vraag na wat gaan van ons word. Gewas in die bloed van Christus, geheilig in sy Naam kan niks ons uit sy hand ruk nie. Al kom daardie dag wat brand, groot en vreeslike dinge wat dan gebeur, maar ons kan sonder verskrikking voor Hom verskyn. Die geskiedenis is wreed, die lewe is hard, bruide kan op hulle huweliksdag verongeluk, soos verlede naweek, maar ons geloofsverwagting sal bly. Ons kan bly hoop. Al wat ons moet bly hoor, dit is waarmee Johannes sy lewe sou voleindig, om dit weer in Christus te begin- *Wie volhard tot die einde toe, h ysal gered word. Bekeer julle!*

AMEN